

28 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 1: 1-7
Fokusgedeelte: Romeine1:1-7

Die goeie nuus: Jesus is Here!

Voor of na Kersfees, in die ou- of nuwejaar, blye nuus is altyd welkom! Evangelie beteken “die goeie nuus van die geboorte van die koningseun, die troonopvolger”. Lank voor Kersfees het die profete die blye nuus aangekondig. Na Kersfees mag die mense in Rome, selfs al die heidennasies, hierdie blye nuus hoor. Dit handel oor die Koning se Seun. Hy is uit die geslag van Dawid gebore (vs 3).

Hierdie Seun is Jesus Christus, ons Here. Sy geboorte het Hom nie Here gemaak nie. By Kersfees mag ons nie vashaak nie. Kersfees is die aanbreek van die nuwe, die begin van die verlossing deur Jesus Christus. Die blye boodskap is dat Hy uit die dood opgestaan het. Deur die lewendmakende Gees is Hy as Here verklaar. Vir die Christene wat as 'n minderheid die verdrukking van die Romeinse regering beleef het, is dit goeie nuus. Dit is nie koue feite nie, maar goeie nuus deurtrek met die genade van God.

Gelowiges mag ervaar dat hulle 'n minderheid in die wêreld is. Ons mag vind dat ons uitgesluit is van soveel dinge van die wêreld, maar ingesluit in die genade van God. Dit is nie aardse konings wat vir ons 'n nuwe toekoms oopsluit nie. Die regeerders van hierdie wêreld bring vir ons weinig in die sak. Die Seun van God is Koning, met groter gesag en mag as al die konings van die wêreld.

Wanneer ons hierdie blye nuus glo en aan Hom gehoorsaam is, beteken dit vir ons verbondenheid aan Hom wat die wêreld klaar oorwin het. Hoe meer ons hierdie evangelie hoor en verkondig, des te meer beleef ons dat ons in hierdie wêreld meer as oorwinnaars is. Hierdie wêreld vergaan. Almal in Christus sal dan saam met Christus regeer.

*Sing: Psalm 93:1-4 (1936-beryming);
Psalm 93:1, 3, 5 (2001-omdigting)*

Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)